**"Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid"**
(Hebr. 13:8)

# OMSENDBRIEF Jaar-einde 2018

## Baie Jare in Diens van My HERE
## In naby Stede en ver Lande

## Hooftema: Die Laaste Boodskap
## Voor die Wederkoms van Christus

Ek groet al die broeders en susters wêreldwyd in die liewe Naam van die HERE Jesus Christus met die woord van 1Thessalonisense 3, vers 13:

***"... sodat Hy julle harte kan versterk om onberispelik te wees in heiligheid voor onse God en Vader by die wederkoms van onse HERE Jesus Christus met al sy heiliges".***

In die volgende hoofstuk beskryf die apostel vanaf verse 13 tot 17 hoe Sy wederkoms sal wees: *"Want dit sê ons vir julle* ***deur die Woord van die HERE****, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die HERE, die ontslapenes hoegenaamd nie sal voor wees nie. Want* ***die HERE self sal van die hemel neerdaal*** *met* ***'n geroep****, met die* ***stem van 'n aartsengel*** *en met geklank van die* ***basuin van God****; en* ***die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan****. Daarna sal* ***ons wat in die lewe*** *oorbly,* ***saam met hulle*** *in wolke* ***weggevoer*** *word die HERE tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die HERE wees"* (1Thes. 4: 15-17). Die wekroep, die stem en die basuin, weerklink by die opstanding, transformasie en wegraping.

Hier aan die einde van die tyd van genade, weerklink die middernagtelike oproep aan alle gelowiges: ***"Daar kom die Bruidegom; gaan uit Hom tegemoet ..."*** (Matt. 25). Die suiwer Woord-boodskap gaan die wederkoms van Christus vooruit.

Die laaste boodskap is al jare lank aan die gang. Maar Sy koms sal skielik wees, soos die HERE self gesê nie: *"Want soos die weerlig*

*uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn**, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees**"* (Matt. 24:27). Dit sal in 'n oomblik geskied, *"... **in 'n oomblik, in 'n oogwink**, by die laaste basuin ... **die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word**"* (1Kor. 15:52).

Paulus het in verskillende briewe presies beskryf hoe hierdie groot gebeurtenis sal plaasvind en wat vooraf sal geskied. Al die apostels het in hulle briewe verwys na die wederkoms van Christus. In 1Thessalonisense 5:23 bring die apostel die kwessie tot 'n slotsom en beklemtoon nog ‘n maal: ***"En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse HERE Jesus Christus!"***

In ons tyd het die man van God, William Branham, 1,400 keer melding gemaak van die voorbereiding van die Bruid van Christus, in die lig van die wegraping. Hy het dit gedoen in ‘n direkte opdrag van die HERE. Deur die besondere bediening **moet alles in die Gemeente eers herstel word en teruggeplaas word na sy regte stand. Dit is die belofte vir ons tyd, *"Jesus antwoord en sê vir hulle gesê: Dis waar, Elia kom eers en sal alles herstel"*** (Matt. 17:11; Mark. 9:12).

My verkondiging in die vele jare van my bediening, gaan oor hierdie belangrikste gebeurtenis aan die einde van die genade tyd. Soos met alle bybelse leerstellings, laat ek ook met hierdie tema slegs dit geldig is, wat in die Bybel geskryf staan. Ek verwerp alle interpretasies ten sterkste. Die tyd is goed gevorderd, die beloofde wederkoms (Joh. 14) van ons HERE en Verlosser is baie naby. Dit gaan nou oor die volle herstelling, op die bybelse grondslag en die voorbereiding in geloof en gehoorsaamheid, tot die glorie-ryke dag van Christus (Fil. 1:6).

Paulus, wat die Woord in opdrag van God verkondig het, het die gelowiges in Filippi toegeroep: *"... **deurdat julle die Woord van die Lewe vasvou**, my tot ‘n roem teen die **dag van Christus**, dat ek nie verniet geloop of verniet gearbei het nie"* (Fil 2:16). Ek maak

ook nou dieselfde beroep op alle bybelse gelowiges in alle volke en tale wat in opdrag van God optree.

In Openbaring 19:7 sing die weggevoerde skare: ***"Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en Sy vrou het haar gereed gemaak …"*****.** In Matthéüs 25:10 sê: ***"… en die (maagde) wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit"*****.**

Ons leef in die belangrikste tydperk voor die tweede koms van Christus. Daarom moet dit weer en weer gesê word, sodat alle ware bybelse gelowiges dit kan hoor en glo: Op die 11de Junie, 1933, het iets besonders gebeur: Toe die jong prediker William Branham sy eerste doop in die Ohio-rivier doen, kom daar toe 'n brullende geluid uit die hemel en ‘n bonatuurlike ligwolk het neergedaal, sigbaar vir almal. Toe klink daar 'n geweldige stem: **"Soos Johannes die Doper gestuur was om die eerste koms van Christus vooruit te gaan, word jy met 'n boodskap gestuur wat die tweede koms van Christus vooruit sal gaan"**. Agtien keer het Broeder Branham in verskillende preke na hierdie bonatuurlike gebeurtenis verwys en het beklemtoon: **"Nie dat ek die voorloper is nie, maar die boodskap sal die voorloper wees".**

Die oorspronklike orde en bewoording het die Branham-aanbidders later heeltemal verwring in die VSA deur dit só te skryf: "Soos Johannes die Doper gestuur was om die eerste koms van Christus vooruit te gaan, sal jy die tweede koms van Christus vooruitgaan".

Die man wat deur God gestuur was, het al die bybelse leerstellings, ja, hy het die hele raad van God verkondig, sodat alles in die Gemeente van Jesus Christus teruggekeer is na die oorspronklike stand. Hy het daarop gewys dat die Een, ewige God, Homself, vir ons verlossing, geopenbaar het as Vader in die hemel, in sy eniggebore Seun op aarde en deur die Heilige Gees in Sy Gemeente. God was in Christus en het die wêreld met Homself versoen (2Kor. 5:19; 1Tim. 3:16).

Broeder Branham het die volle evangelie soos Petrus en Paulus verkondig; Hy het die sendingsopdrag uit Matthéüs 28 vers 19, waar dit gaan oor *die Naam* waarin daar gedoop moet word, Markus 16 vers 16, waar dit gaan oor die geloof en Lukas 24 vers 47, waar dit gaan oor die vergifnis van sondes, behoorlik verstaan. Hy het die vergifnis van sondes deur die offerbloed van Christus gepreek en die wat geglo het, gedoop, net soos Petrus dit onder die leiding van die Heilige Gees gestel het op die dag van Pinkster, in sy eerste preek: *"Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes ..."*. 3,000 het geglo na die eerste preek, wat die uitstorting van die Gees gevolg het en het hulself laat doop (Hand. 2:41).

Alle gelowig-gewordenes, hetsy Jode, Samaritane of heidene, was aan die begin in die vroeë Gemeente gedoop in die naam van die HERE Jesus Christus (Hand. 8:16; 10:48). Ook die dissipels van Johannes die Doper was so doop: *"En toe hulle dit hoor, **is hulle gedoop in die Naam van die HERE Jesus**"* (Hand. 19:5). Die Trinitariese doopformule is heeltemal vreemd aan die Bybel; dit dateer uit die 4de eeu en gaan terug na Athanasius.

## Spesiale Tyd-vakke

Op 24 Desember 1965 het 'n geseënde tydvak tot 'n einde gekom: die HERE God het Sy dienskneg en profeet na Homself geneem. Gevul met hartseer, het ek die begrafnis bygewoon wat op Paasmaandag 11 April, 1966, plaasgevind het. Na al die trane en diepe droefheid, het 'n stem herhaaldelik in my hart gesê: "Nou het jou tyd aangebreek om te gaan van stad tot stad, om die Woord te verkondig en die geestelike voedsel uit te deel". Toe weet ek dat die tyd aangebreek het.

In April 1966 het 'n nuwe tydvak begin; mens kan ook sê: 'n voortsetting. Maar, hoe tog dan nou? In opdrag van die HERE self, het ek die broeders in Jeffersonville op 12 en 13 April, nét na die begrafnis, bymekaar geroep. My hoofdoel was dat die band-opnames van die preke, uitgeskryf moes word sodat dit ook in ander tale vertaal kon word. Roy Borders, wat die private

sekretaris van Broeder Branham was en wie ek bekend mee was, was toe opdrag gegee vir die opstel van die drukkery. So het 'Spoken Word Publications' op die been gekom.

As die getroue HERE nie sy dienskneg, William Branham, in Jeffersonville op 11 Junie 1933 gehad het nie, sou ons niks van 'n boodskap gehoor het nie. As die getroue HERE nie sy dienskneg, Ewald Frank, in April 1966 in Jeffersonville gehad het nie, sou die wêreld nooit die Boodskap ervaar het nie.

In 1973 het ek, saam met ons kerkleier en ouderling, Broeder Leonhard Russ en Broeder Erich Schwill, gereis na Jeffersonville. Die broeders daar het ons die plek gewys op die Ohio-rivier, waar Broeder Branham besig was om te doop toe die bonatuurlike gebeur het. Ons het ook die 'Branham Tabernacle' en die 'Spoken Word Publications'-gebou besoek.

Joseph, die jongste seun van Broeder Branham, was in April 1966 maar net 11 jaar oud. Hy het in 1980 'Spoken Word Publications' hernoem tot 'Voice of God, Inc.'. Teen daardie tyd het ek meer as die helfte van die wêreld al met die Woord-Boodskap bereik. Om 'n goddelike opdrag uit te voer, moet jy vooraf 'n direkte roeping en sending ontvang het.

Ek sê dit voor die HERE God: Die oomblik wanneer die stem van die sewende basuin-engel in Openbaring 10 vers 7 as die "stem van God" verklaar word, is dit die begin van die vergoddeliking van profete. In Openbaring 10 vers 7 is daar geen melding van die stem van God nie. Openbaring 8 en 9 toon die ses basuin-engele wat hul oordele oor die aarde bring. In Openbaring 10 vers 7 vind ons *die aankondiging*, dit wat sal gebeur wanneer die sewende engel die basuin blaas; dan sal die verborgenheid van God volbring wees, soos Hy aan Sy diensknegte en profete verkondig het.

In Openbaring 11, nadat die twee getuies hul bediening voltooi het en die tempel gebou en gemeet is, blaas die sewende engel die basuin en word die koninglike heerskappy uitgeroep: *"En die sewende engel* (soos in hoofstuk 10 vers 7 aangekondig) *het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: "Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse HERE geword en van sy*

*Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid!"* (Openb. 11:15). Amen.

Alles wat vanaf Openbaring hoofstuk 6 in die seëls en in die ander hoofstukke aangemeld word, is nog in die toekoms. Broeder Branham het gesê dat alles wat in die 6de en 7de seëls staan, in die verdrukkingstyd val. Openbaring 10 berig oor wat gaan gebeur wanneer die HERE as die Engel van die Verbond Sy voete op land en see sit. Slegs dan, (nie 1963 nie) – *"... toe die sewe donderslae hul stemme laat hoor het ... en die engel ... het sy hand na die hemel opgehef en hy het gesweer ..."* (verse 4-6). Volgens Daniël 12 vers 7 sal daar na die swering nog 3½ jaar wees tot die einde van daardie tydperk. **Openbaring 10 vers 7 bly staan in die enkelvoud vir altyd. Broeder Branham het altyd van die *verborgenhede* van God gepraat. Paulus het dit ook gedoen: *"So moet ons dan beskou word as dienaars van Christus en bedienaars van die verborgenhede van God"* (1Kor. 4:1).**

**Die verborgenheid van God is Jesus Christus, onse HERE**. Die Apostel het nog ‘n keer beklemtoon: *"Dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde* ***en tot alle rykdom van die volle versekerheid van insig, om die verborgenheid te leerken van God ... Hierdie verborgenheid is Christus, in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is****"* (Kol. 2:2 – oorspronklik).

In Februarie, 1980, was ek in Marseille vir die eerste keer gevra oor die sewe donderslae van Openbaring 10. Ek het nie ‘n antwoord gehad nie, maar die volgende oggend het die HERE my toegeroep met 'n gebiedende stem: **"My dienskneg, staan op en lees 2Timótheüs 4"**. Niemand kan hom voorstel wat op sulke oomblikke binne ‘n mens aangaan nie. **Die getroue HERE het hierdie woorde aan my persoonlik gerig.** Toe ek die teks gelees het: ***"... verkondig die Woord, hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering ..."*** (v.2), het ek besef dat daar niks oor die sewe donderslae geskrywe is nie; daarom kan daar ook niks daaroor gepreek word nie.

My opdrag is om alleen die geskrewe Woord te verkondig. In die eerste drie verse van Openbaring 1 lees ons: ***"Salig is hy wat die woorde van die profesie lees en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby"*** (v.3). Broeder Branham het die omtrent 150 keer die laaste vier verse van Openbaring 22 beklemtoon. Wie by die geskrewe Woord byvoeg of wegneem, se deel word van die boom van die lewe weggeneem. Daarom het hy gesê: **"Moet dit nie aanvaar, as dit nie in die Bybel geskryf is nie".**

Elke prediker moet 2Timothéüs 4 baie versigtig lees en kyk of vers 2 van toepassing is op hom, want hy moet net God se Woord preek, en of verse 3 en 4 waar is en hy menslike fabels verkondig. Wie nie elke woord van God respekteer nie, is daartoe veroordeel om sy eie interpretasies en valse leringe te glo (2Thes. 2: 10-12).

Ek korrigeer nie die profeet nie, maar dit is my heilige plig, om alles wat hy gesê het met verwysing na God se plan van verlossing, korrek in die Heilige Skrif te plaas. Almal wat hulle net op hom en sy aanhalings beroep, moet ek sê wat Petrus aangaande die briewe van Paulus geskryf het: *"... soos ons geliefde broeder ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskryf het, in al die briewe.* ***Hy spreek daarin oor hierdie dinge waarvan, sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai het, net soos die ander Skrifte tot hul eie verderf****"* (2Pt 3:16).

Broeder Branham het dit wat nog toekomstig is, dikwels in die verledetydsvorm daargestel. Maar so is die hele bybelse profesie. Johannes het alles op die eiland Patmos gesien asof dit alreeds gebeur het. Maar die geestelik-onkundiges verdraai die stellings tot die ondergang van hul luisteraars.

Van Johannes die Doper het onse HERE getuig, dat Hy meer was as 'n profeet, maar nie meer as 'n mens nie. *"Maar wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Profeet? Ja, ek sê vir julle, ook baie meer as 'n profeet!".* En dan beklemtoon onse HERE: *"Want dit is hy van wie daar geskrywe is:* ***Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u weg voor U uit sal regmaak****"* (Matt. 11:9-10).

Dieselfde getuig ons oor die woorde van William Branham, dat al die apostels die wederkoms van die HERE aangekondig het, maar William Branham het die direkte opdrag ontvang, die boodskap, wat die wederkoms van Christus vooruitgaan.

Tog was hy net mens, 'n man vanaf God gestuur. Die onfeilbare en volmaakte, was die goddelike visie en profetiese bediening. Maar as mens het hy soms gestaan onder sekere indrukke en verwagtinge. Hy het heengegaan met die veronderstelling dat alles wat hy in 1933 in visioene getoon was, teen 1977 vervul sou word. Daarom het die Branham-fanatisie die lering versprei dat alles by 1977 sal eindig en die Wegraping sal plaasvind. Maar tog bly dit dat niemand die dag nie en uur ken nie.

## O, die diepte van die rykdom en wysheid en die kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is Sy oordele en onnaspeurlik Sy weë!

Tot eer van God kan ek getuig van wat Hy my deur genade geskenk het. Presies 70 jaar gelede het ek my bekering ervaar en het ek my lewe aan die HERE toegewy. Dit was toe die eerste tentmissie in Junie, 1948, net na die Tweede Wêreldoorlog, plaasgevind het, waar ek Jesus Christus as my Verlosser aangeneem het. Presies vier weke vroeër, op 14 Mei, 1948, het David Ben-Gurion die stigtings-proklamasie van die staat van Israel aangekondig.

By die internasionale Pinkster-konferensie in Hamburg in Junie, 1949, het ek die doping met die Heilige Gees ontvang. In Augustus, 1955, het ek in Karlsruhe vir die eerste keer die vergaderings van broeder Branham meegelewe en op Maandag, 15 Augustus, 1955, het ek my eerste persoonlike ontmoeting met hom gehad. Op 12 Junie, 1958, in Dallas, Texas, het ek die geleentheid gekry om 'n breedvoerige gesprek met hom te het. Op 2 April, 1962, het ek die bonatuurlike ervaring van my beroepinging tot die bediening beleef. Veral sedert dié tyd ek kan sê: "My lewe was in die diens van my HERE, in stede naby en in lande vêr".

Oor die oorweldigende ervaring van 2 April, 1962, het ek alreeds verskeie kere gerapporteer. Hier moet weer melding gemaak word van wat in Desember, 1962, gebeur het. Ek het telefonies met broeder Branham ooreengekom om 'n persoonlike ontmoeting vroeg in Desember in Jeffersonville te het met hom. Op Sondag, 2 Desember het ek gaan sit tussen die aanbidders in die Branham Tabernacle. Toe pastoor Neville die gemeente vra om op te staan vir gebed, het Broeder Hickerson in 'n luide stem uitgeskree: "So spreek die Here HERE: My seun Frank, jy het nie tevergeefs die see oorgesteek nie. Moenie moedeloos word omdat jy gister nie my profeet ontmoet het nie. Jy gaan hom môre ontmoet en hy sal jou alles sê wat op jou hart is".

In albei vergaderings waarin ek teenwoordig was, het Pastoor Neville my opgeroep om die gemeente toe te spreek. Twee keer is ek toegelaat om vanaf dieselfde preekstoel te preek waarvandaan die profeet sy boodskappe gebring het.

Dit het toe gebeur net soos broeder Hickerson in die profesie gesê het: broeder Branham het my die Maandag by die hotel gaan haal en ons het 'n paar uur saam in gesprek verkeer. In die teenwoordigheid van twee broeders, Fred Sothman en Banks Wood, het die profeet die woorde herhaal wat die HERE op 2 April, 1962, met my gepraat het. Hy het my vertel dat die hongersnood nie met aardse voedsel verband hou nie, soos ek gedink het nie, maar met die geestelike voedsel, wat ek moet uitdeel. Broeder Branham het deur openbaring my beroepinging bevestig en die brandende vrae beantwoord. Aan die einde het hy letterlik gesê: **"Broeder Frank, wag met die uitdeling van die voedsel totdat jy die res daarvan kry, wat daarby behoort".** Die res is vervat in die preke oor die sewe seëls vanaf Maart 1963 tot die laaste preek van die man van God in Desember, 1965, wat alles na my toe gestuur was. Eers toe kon daar met die uitdeel van die voedsel begin word.

Die verspreiding van die geestelike voedsel moet altyd die proklamasie van die geskrewe Woord behels. *"Kyk, daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die*

*woorde van die* H*ERE* *te hoor"* (Amos 8:11). Die HERE het gesê: *"Daar is geskrywe: die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan"* (Matt. 4:4).

Vir my is die roeping tot die bediening so belangrik soos toe die HERE met Abraham gepraat het in Génesis 12, met Moses in Exodus 3 en met Josua in hoofstuk 1, soos met Johannes die Doper in Lukas 3, met Paulus in Handelinge 9 en met broeder Branham op 11 Junie, 1933 en op 7 Mei, 1946. Elke goddelike roeping en sending was en is verbind met die plan van verlossing van God. ***"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het"*** (Joh. 13:20).

Toe kom Sondag 19 September, 1976, waar die getroue HERE die opdrag wat Hy my gegee het, bybels toegewys het: **"My Dienskneg, ek het jou aangestel volgens Matthéüs 24: 45-47, om die voedsel op die regte tyd uit te deel"**.



Broeder Branham se eerste doop in die Ohio-rivier op 11 Junie, 1933



Veertig jaar later het ek saam met Broeder Russ en Broeder Schwill die plek waar die HERE op 11 Junie, 1933, in die bonatuurlike Wolk van lig voor duisende mense afgekom het en aan broeder Branham sy opdrag meegedeel het.




(van links: Br. Frank, Br. Borders, Br. Russ, Br. Schwill)

In Jeffersonville het ons ook gesoek "Spoken_Word_Pub-ications" besoek, wat deur Broeder Roy Borders opgebou en gelei was. Hy was tot by die heengaan van Br. Branham sy privaat sekretaris.





In Desember 1962 was ek twee keer toegelaat om vanaf die preekstoel in die Branham Tabernakel in Jeffersonville te praat, waar broeder Branham sy belangrikste preke gehou het.

Broeder Branham net voor sy heengaan met sy jongste Seun Josef.




In 1980 het Josef "Spoken Word Publications" oorgeneem en die naam verander na "Voice of God Recordings, Inc.".




Broeder Branham se Bybel, soos hy dit in Desember 1965 gelaat het




(David Ben-Gurion lees die onafhanklikheidsverklaring van die staat Israel)

***"Want die HERE sal Hom oor Jakob ontferm, en Hy sal Israel nog verkies en hulle in hul land laat vestig"*** (Jes. 14: 1).

***"Hy wat Israel verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak soos 'n herder sy kudde"*** (Jer. 31:10).

***"So spreek die Here HERE: Ek sal julle bymekaarmaak uit die volke en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is, en Ek sal aan julle die land Israel gee"*** (Ese. 11:17).

***"En die HERE sal besit neem van Juda as sy erfdeel op die heilige grond en Jerusalem weer verkies"*** (Sag. 2:12).

***"En leer van die vyeboom (Hos. 9:10) hierdie gelykenis: wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is"*** (Matt. 24:32).

Broeder Branham het in 'n visioen gesien hoe hy die verskillende lewensmiddele in 'n laai stoor. Hy het daaroor gepraat op 1 April en 30 Desember, 1962. Aan my is die goddelike opdrag gegee om die opgestoorde voedsel voorbereid op die tafel van die HERE aan die volk van God te gee. Alle broeders wêreldwyd deel dieselfde geestelike voedsel uit, deur die openbaarde Woord te verkondig.

## Die ou Taktiek van Satan

Vir ons is dit moeilik om te dink hoe dit moontlik was dat die aartsengel, die seun van die dageraad, homself kon verhef in die hemel. Hy wou sy eie troon by die plek van samekoms oprig, wou homself aan die Allerhoogste gelykstel (Jesaja 14 vanaf vers 12). Met sy "Ek wil ... Ek wil ...", het hy sy eie val, sy eie lot beantwoord, en die aartsvyand van God en die vyand van alle gelowiges geword. Hy het al die engele wat hom gevolg het, meegesleur. In Openbaring 12 verse 7-9 word ons vertel dat die laaste geveg in die hemel plaasvind: *"**En daar het oorlog in die hemel gekom**: Migael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak; en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie en hulle*

*plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang, wat genoem word "duiwel" en "Satan", wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp"*.

Dit is ook nie maklik vir ons om te verstaan hoedat Satan ná die opstand in die hemel en sy val as teëstander van God, sy plan voortgesit het op die aarde en die val van die mens in die tuin van Eden teweeggebring het. Broeder Branham het dikwels daaroor gepraat, ook in die sewende seël. Wie kan dit verstaan dat die HERE God, wie in die tuin van Eden gewandel het, toegelaat het dat Satan, die ou slang, Eva betrek het in 'n gesprek en laat twyfel het oor die woorde van God: ***"Is dit ook so dat God gesê het ...?"***

Die oomblik toe Eva na hom luister en Satan daarin geslaag het om twyfel te saai oor wat God aan Adam gesê het, het dit gebeur. Dit is hoe Satan kon seevier oor die Woord, het broeder Branham beklemtoon. Verder het hy gesê: Ongeloof is die eintlike sonde, wat alle ander oortredings veroorsaak. Wie nie glo wat die HERE God gesê het nie, is veroordeel daartoe om Satan se leuen te glo.

Broeder Branham wou op 24 Desember 1965 oor die "Trial of the Serpent" (Spoor van die Slang) preek en het aantekeninge daaroor gemaak, maar het daardieselfde dag heengegaan. Die slang het aan die begin met listigheid en verleiding gewerk en die slang hier aan die einde doen dieselfde. Die verleiding van Eva het onder die toegelate wil van God geskied, sodat die plan van verlossing in God se volmaakte wil gerealiseer kon word. Nadat sy verlei was het sy Adam onder haar invloed gebring en hom in die sondeval ingesleep. Die twee fundamenteel-verskillende sade was in Kain en Abel geopenbaar; die vyandskap was opgerig. Tog kon God se plan van verlossing net op daardie manier bekragtig word. **Direk daarna het die HERE God die belofte gegee dat die goddelike saad deur die vrou sal kom en die slang se kop sal vermorsel (Gen. 3:15). Toe volg die skuldaanwysing aan Adam: "Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou!"** (v.17).

Ongelukkig het ons aan die einde van die 1970's ook hier Satan, die ou slang, sien insluip met die gawe van waarsêery. Die "So Spreek die HERE, My dienskneg ...", het hy verander na "So spreek 'n vrou ... ". Die opdrag van die HERE aan Sy dienskneg op 2 April, 1962, word in twyfel getrek. Wat in die Tuin van Eden gebeur het, word nou herhaal: "Het die HERE werklik met hom gepraat? ...". Maar net soos dit was met Kain en Abel, kom die twee sade ook hier voor.

Onder die direkte invloed van die slang, met listigheid en argumente, was dit luid versprei: "Die HERE het glad nie met hom gepraat nie". Die plaaslike gemeente was vernietig. Die gelowiges in die Eind-Tyd boodskap wêreldwyd is met verleiding weggevoer.

Wie kan dit vat? Op 16 Junie, 1979, het die HERE God met 'n kwaai donderslag, dieselfde nege woorde gepraat soos ses duisend jaar gelede, in die tuin van Eden: "Omdat jy na die stem joune vrou geluister het!" (in Duits). Die toegelate wil van God moes ook hier gebeur sodat die volmaakte wil van God nou in die waaragtige gelowiges kan geskied.

Wat in die hemel en in die tuin van Eden gebeur het, is ver agter ons. Maar wat met ons gebeur het, het ons hard getref. Daar het twee verskillende geestelike sade ontstaan: die een glo in die goddelike opdrag, die ander verag dit en spot daarmee. Al diegene wat onder die verkeerde invloed is, het die huis van aanbidding in die sending-sentrum vanaf Mei, 1979, tot vandag toe, nog nie weer betree nie.

Weereens gaan dit oor die twee sade. Enersyds word geglo dat die HERE self hierdie heilsgeskiedkundige opdrag deur 'n direkte roeping gegee het, wat oor meer as 'n halwe eeu wêreldwyd uitgevoer is. Die ander bly by die lering, dat dit nie die boodskap is nie, maar die profeet wat die tweede koms van Christus vooruitgaan en verwag dat hy weer sal kom en sy bediening in 'n tent sal voltooi.

Sy unieke bediening, wat ek persoonlik ervaar het, was 'n herhaling van wat in die bediening van onse HERE gebeur het. So

het Broeder Branham herhaaldelik die gesprek van die HERE met Abraham in Genesis 18 beklemtoon en het op Johannes 5 vers 19 heengewys. Maar nou word die profeet deur die dwaalleringe verheerlik, tot afgodediens, wat rondom hom gemaak word. Hulle mis dit wat God tans doen, deur die draer van die Woord-boodskap te verwerp. Daardeur maak hulle die HERE self, wie die roeping gegee het, en die profeet, wie dit bevestig het, leuenaars. God praat met diesulkes: *"Kyk dan, julle veragters, en wees verwonderd en verdwyn! Want Ek gaan iets in julle dae doen, iets wat julle sekerlik nie sal glo as iemand julle dit vertel nie"* (Hand. 13:41).

In Efésiërs 6 word ons versoek: *"Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug"* (vv. 11-12). Elke vers in hierdie hoofstuk is 'n belangrike oproep wat ons ag op moet slaan en gehoorsaam.

*"En neem aan die helm van verlossing* ***en die swaard van die Gees — dit is die Woord van God****"* (v.17). Die apostel het na die Woord van God in die geestelike stryd as die "Swaard van die Gees" verwys. Hy het die gelowiges geroep tot gebed vir mekaar en in die 19de vers ons selfs herinner aan die voorbidding: *"...* ***sodat 'n woord my gegee mag word*** *as ek my mond oopmaak,* ***om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak*** *...".*

In Openb. 12: 10-11 lees ons van die weggeraapte oorwinnaars-skare: ***"Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningsskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag. En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie".***

Met groot dankbaarheid kan ons die genade van God prys. Want ten spyte van al die ongelooflike laster en die opsetlike karakter-sluipmoord sedert 1979, was die getroue HERE barmhartig. Nie net in die plaaslike gemeente nie, maar wêreldwyd was die sendingwerk weer geseën. Met die gereelde weeklikse byeenkomste, besoek twee–/driehonderd broeders en susters van oral in die omliggende omgewing af. Op die eerste naweeek van elke maand kom tot 1,200 gelowiges uit die hele Europa; selfs vanaf die verste lande van die aarde kom gelowiges om die Woord van God te hoor. Die aanlyn verbindings met ons byeenkomste op die eerste naweek van elke maand het skerp gestyg in die afgelope tyd, so het dit duisende geword vanaf 172 lande.

Die buitengewone bediening van broeder Branham is in 1965 beëindig. Daarna het die geseënde jare van 1966 tot 1979 gevolg, en nou kyk ons terug na byna 40 jaar waarin God op onbegryplike wyse met ons is.

Weet u hoe broeder Branham sy Huisbybel gelaat het? Dit lê oop op sy lessenaar en dit op die laaste bladsy van Deuteronomium, hoofstuk 34, en die eerste bladsy van Josua, hoofstuk 1. Onder Moses het die uittog uit die Egiptiese slawerny plaasgevind, onder Josua het die intog na die beloofde land gebeur. Deur die bediening van broeder Branham het die uittog uit die slawerny van denominasies begin, en nou ervaar ons die intog van die kinders van God in al die beloftes.

Broeder Branham het, toe hy oor die Sewende Seël gepreek het, in die laaste minute gebid: **"Dan bid ek, HERE, dat u my moet help. Ek begin wegkwyn, HERE. Ek weet dat my dae nie meer lank kan wees nie; daarom vra ek dat u my help. Laat my getrou wees, eerlik en opreg, o HERE, sodat ek hierdie boodskap kan dra so ver as wat dit vir my toegewys is om te dra. En wanneer die tyd kom dat ek moet gaan, wanneer ek by die stroom kom waar die golwe inkom, O God, mag ek in**

**staat wees om hierdie Swaard te oorhandig aan iemand wie eerlik daarmee sal wees en die waarheid vas sal hou"**.

Mag ek vra: Wie het die boodskap eerste na Wes- en Oos-Europa, na Asië en Afrika, ja, na die hele wêreld uitgedra? Is daar iemand anders op aarde wat die stem van die HERE gehoor en 'n goddelike roeping ontvang het en ‘n heilsgeskiedkundige opdrag uitgevoer het? Almal wat van God is, hoor God se Woord (Joh. 8:47) en besef dat dit die laaste boodskap is van uitroeping, herstelling, afsondering en voorbereiding voor die baie naby wederkoms van Christus. Al die gelowiges wat nou 'n direkte opdrag uitvoer, wat verband hou met God se plan van verlossing, het geseënde oë om te sien en geseënde ore om te hoor (Luk. 10:23), en sal as die geseëndes van die HERE aan die wegraping deelneem.

Broeder Branham het nie die boodskap na enige ander lande gedra nie, want na die opening van die Seëls in Maart 1963 het hy in geen ander lande meer gepreek nie. Nou kan ek terugkyk na vele jare, waarin ek, in direkte opdrag van God, die Bybelse Boodskap persoonlik in 165 lande, in baie stede regoor die wêreld — insluitende Moskou, Beijing, Kaïro en Damaskus — verkondig het. As ‘n mens al die TV-uitsendings insluit, het ek meer as 11,000 preke gehou. Tans is daar steeds gereelde TV-programme wat uitgesaai word in 72 lande waar 10 tot 12 miljoen dit hoor.

Die HERE God het ook buitengewone genade gegee dat ek broeder Branham se preke kon vertaal. Daarby kon ek ook al die boeke, brosjures en omsendbriewe skryf. Ek het die tyd uitgekoop en met die maandelikse sendingsreise die 15 miljoen lugmyl-merk oorskry. Net een saak het my diep bedroef: dat na 1979 ooral in die stede verskeie sogenaamde boodskap-gemeentes ontstaan het. Maar bybels is daar net een gemeente van die lewende God in enige stad. Al die ander is tuisgemaakte groepe wat onder die invloed van een man, hul eie spesiale leerstellings neerlê, terwyl hulle hul in die algemeen op die profeet beroep. Paulus het gewaarsku: *"Ek vermaan julle, broeders, hou hulle in die oog* ***wat tweedrag en aanstoot veroorsaak teen die leer wat julle geleer het, en vermy hulle****"* (Rom. 16:17).

God Self het die bedieninge in die Gemeente geplaas (Efé. 4:11). Ook hierdie laaste opdrag het Hy self bestem. Alle Broeders wat weggedraai het, gaan hul eie weë en verag die Woord. Almal wend hulle tot kwotasies, en so het die baie groepe ontstaan. Vir my bly dít geldig, wat geskryf is: *"Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg* ***toe ons julle die krag en koms van onse HERE Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van Sy majesteit; … En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in jou harte"*** (2Pet. 1: 16-19).

Nie een keer het ek, in al hierdie jare, oor kwotasies geredekawel nie, maar net die woord gepreek. Ons luister en lees die preke en laat dit net soos dit is. Die getroue HERE sy dank dat ek myself op 2Timothéüs 4:17 kan beroep: ***"Maar die HERE het my bygestaan en my krag gegee, sodat deur my die prediking heeltemal volbring kan word en al die heidene kan dit hoor; en ek is uit die bek van die leeu verlos"***.

Wêreldwyd bedien ons die uitverkorenes, diegene wie die beloftes van God glo met die geestelike voedsel vir hierdie tyd. Van diegene wie die HERE gestuur het, het Hy duidelik gesê: *"Wie na julle luister, luister na My; en wie julle verwerp, verwerp My; en wie My verwerp, verwerp hom wat My gestuur het"* (Luk. 10:16). Amen. Dit is hoe dit is.

Ons sien Matthéüs 24 vers 14 wat letterlik voor ons oë vervul word: ***"En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom".***

**Alle nasies** – dit was nog nooit so nie. En dit moet die ewiggeldige, oorspronklike evangelie wees: *"En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg,* ***met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die inwoners die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke"*** (Openb. 14:6).

## Slegs Perfekte Liefde Sal Daar Ingaan

Luister tog, gelowiges van alle volke en stamme: Die bruidegom, wat self die Woord is, gaan slegs 'n Woord-bruid opraap! In die hemel sal net die Bruid wees wat in die bloed van die Lam gewas is, geheilig in die Woord van die Waarheid en verseël is met die Gees. Nou het almal die laaste geleentheid om te besluit of hulle wil deel wees van die wyse of die dwase maagde. Die Woord vir ons tyd het van God uitgegaan en ons na God teruggebring. Dit sal in ons voorspoedig wees in dit waartoe God dit gestuur het: ***"... so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur"*** (Jes. 55:11) Amen. Amen.

Al die profete, al die apostels, almal wat Hy gestuur het, het hulle opdragte uitgevoer. Broeder Branham het gedoen soos hy gebied was en ek het gedoen wat die getroue HERE my beveel het om te doen. Die Bruid is besig om terug in gelid te kom, soos broeder Branham dit op 5 Julie, 1964 gesê het: "... in volkome ooreenstemming met die Woord".

In Desember, 2018 sal ek my 85ste lewensjaar voltooi. Die tyd van maandelikse reise is gelydelik besig om tot ‘n einde te kom. Alles het afgeneem: om te loop, sien, hoor; maar dit wat in die hart geskryf is, die Woord, dit bly. God sy dank dat al die huisgroepe en gemeentes regoor die wêreld hoor, sien en ervaar, wat God nou doen.

Ek dank u oor die hele wêreld vir u gebede. Mag die getroue God u almal seën en die ewig-geldige geloof ‘n realiteit laat word. So seker soos u die bybelse Boodskap glo, so seker sal u die voleinding beleef en deelneem aan die wegraping. Ek dank my HERE, wie my in Januarie, 1981, die oorweldigende belewenis van die wegraping laat ervaar het. Ja, ons sal saam weggevoer word. ***"... want Hy volbring ‘n saak en verkort dit in geregtigheid, omdat die Here ‘n saak wat verkort is, op die aarde sal doen"*** (Rom. 9:28).

Dat ons geliefde broeder Helmut Miskys huistoe geroep is, is aan almal bekend. Ek wil hier beklemtoon dat ons geliefde broeder, wat op 'n buitengewone manier deur die HERE gebruik en geseën was; hetsy in sy gesin of in dié van sy kinders, hetsy in die plaaslike gemeente, of in die sondagsskool, of dit by die jeugbyeenkomste of in die Portugees-sprekende lande was: Hy het oral seëningsspore agtergelaat. Ons wens ons dierbare suster Erika Miskys en die hele gesin, God se troos en seëninge. Broeder Claudio Miskys het die geestelike versorging van die gelowiges in Brasilië en die ander Portugees-sprekende lande oorgeneem — Danksy God, wie hiervoor gesorg het om te verseker dat alles sal voortgaan soos dit tot dusver gedoen was.



Hierdie foto wat suster Erika Miskys aan ons verskaf het wys broeder Helmut Miskys in Havana, Kuba, op sy sending in Maart, 2018.

Ons wens u vir die einde van die jaar en ook vir die volgende jaar, ‘n besondere seëning vanaf die Almagtige. Mag dit 'n jubiljaar wees (Lev. 25: 8-13; Luk 4: 16-21). Die getroue God seën ook almal in alle nasies and tale. Onthou my asseblief in u gebede.

Hartlike dank.

Gelewer in opdrag van God.

Bro. Frank

Sou u belangstel om ons literatuur te ontvang, stuur gerus 'n epos aan:

(in Afrikaans of Engels): info@pretoriamission.co.za

Telefoon: +27-12-756-4504

(in Engels of Duits): volksmission@gmx.de

Telefoon: +49-2151/545151

U kan ook inskakel op die Internet vir ons maandelikse uitsending wat val op die eerste naweek van elke maand: op die Saterdag aand om 19h30 en die Sondag oggend om 10h00 (Sentraal-Europese Tyd). Hierdie uitsendings kan gevolg word in vyftien verskillende internasionale tale. Wees deel van God se Verlossingsplan, soos dit nou in vervulling is!

Ons is ook sigbaar op youtube.com onder

"Apostolic Prophetic Bible Ministry"

Internasionale tuisblad: http://www.freie-volksmission.de

© deur die outeer en uitgewer – E. Frank